BYBELSTUDIE HEBREËRS 13:1-9.

A. OPSOMMING.

In Hebreërs 12:28 het ons gesien dat 'n gelowige se lewe, 'n lewe van dankbaarheid is. In 13:1-19 word nader verduidelik hoe so 'n dankbaarheidslewe lyk. In die eerste vier verse gaan dit om konkrete liefdesbeoefening van 'n gelowige teenoor:

- mekaar [in die Grieks staan in vers 1 "broederliefde"];
- vreemdelinge [in die Grieks word die gasvry van vers 2 letterlik vertaal met vreemdelingsliefde];
- gevange en mishandelde mede-Christene [3];
- mekaar in die huwelik [4].

In vers 5 gaan dit oor wat Christene nie moet liefhê nie. Letterlik staan daar: *ons moet sonder liefde wees vir geld*.

VERS 1-3.

Broederliefde vir mekaar as gelowiges word baie sterk in die Nuwe Testament beklemtoon [vgl Rom.12:10; 1Tess.4:9; 1Pet.1:22; 3:8; 2Pet.1:7]. In die Griekse wêreld was die broederliefde beperk tot die lede van jou huisgesin of naby vriende. In die Nuwe Testament word die broederliefde oorgedra op al die lede van God se huisgesin. Die broeder- en susterliefde word die uitkenningsteken van Christene: "As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is" [Joh.13:35].

Vanuit die broederliefde groei die gasvryheid of die "vreemdelingsliefde" van vers 2. Dit gaan hier in die eerste plek om mede-Christene wat herberg nodig het. Die engele wat as gaste gehuisves is, verwys na die geskiedenis van Abraham en Lot [Gen.18-19] wat as gashere vir die engele opgetree het. Die vroeë Christene het dikwels ernstige probleme met kos en slaapplek ondervind. Vanweë hulle Christenskap was hulle nie oral welkom nie. Daarom is die Christelike gasvryheid so hoog aangeslaan [Matt.25:35].

In vers 3 word liefdevolle ondersteuning aan gevange en mishandelde mede-Christene beklemtoon [vgl.10:34]. Die woorde *dink aan* beteken om aktief betrokke te raak by sulke gelowiges in nood.

VERS 4-6.

Die huwelik moet deur almal eerbaar gehou word [4]. Die Griekse woord vir *eerbaar* dui iets aan wat baie waardevol is. So word in 1 Petrus 1:19 gepraat van die *kosbare* bloed van Christus. Ons moet die huwelik dus as iets baie kosbaars beskou en hanteer. Aan die een kant omdat dit 'n instelling van God is en aan die ander kant aangesien man en vrou kosbare geskenke vir mekaar is uit God se hand.

In die huwelik moet die getroudes *getrou wees aan mekaar*. In die Grieks staan daar: *Laat die huweliksbed onbesmet wees*. Diegene wat ontrou is in die huwelik moet met God se oordeel rekening hou. Die heiligheid van die huwelik staan bo alles vas.

Maar by 'n gelowige moet daar ook geen liefde vir geld wees nie [geldgierigheid – 5]. Waarom nie? Omdat die beheptheid met geld 'n mag kan word wat jou lewe totaal oorheers. Timoteus beskryf geldgierigheid as 'n *wortel van allerlei kwaad* [1Tim.6:10]. Met geldgierigheid sterf die broederliefde van vers 1 asook die vreemdelingsliefde van vers 3.
Teenoor die geldgierigheid volg 'n positiewe opdrag: *wees tevrede met wat julle het* [5]. Om hierdie uitspraak te ondersteun, haal die skrywer aan uit Deut.31:6 waar hy die derde in die eerste persoon verander: *God self het gesê: Ek sal jou nooit verlaat nie, jou nooit in die steek laat nie*.
En so kom die skrywer in vers 1-6 met praktiese prediking. Hy vuur die Hebreërs aan om broederliefde, gasvryheid en kuisheid te hê en om nie geldgierig te wees nie. Dit gaan dus nie net om 'n gesonde verhouding met God nie, maar ook met die naaste. Dit is die essensie van Christendom.

B. <u>VRAE</u>.

1. In Hebreërs 12:28 het ons gesien dat 'n gelowige se lewe, 'n lewe van dankbaarheid is. Ware dankbaarheid mond uit in dade van liefde. In verse 1-4 word 'n reeks liefdesdade genoem wat eie is aan 'n gelowige. Noem dit.

2. Teenoor die opdrag om lief te hê, volg 'n verbod in vers 5. Hoe moet ons die volle vers 5 verstaan?

3. *Gasvryheid en liefdevolle ondersteuning aan gevangenes en mishandelde medegelowiges, is nie moontlik sonder ware onderlinge broederliefde nie*! Wat is u mening van hierdie stelling? Kan ons nog werklik van onderlinge broederliefde in die gemeente[s] praat?

4. Die huwelik moet deur almal eerbaar gehou word [4]. Waarom? Hoe?

5. In Hebreërs gaan dit om 'n gesonde verhouding met God. En in Hebreërs 13:1-6?

C. ANTWOORDE.

1. Broederliefde;
   Gasvryheid [in die Grieks word die gasvryheid van vers 2 letterlik vertaal met vreemdelingsliefde];
   Liefde vir gelowiges in die gevangenes asook mishandelde Christene [3];
   Eerbied vir mekaar in die huwelik [4].

2. Letterlik staan daar: by 'n gelowige moet daar geen liefde vir geld wees nie. Waarom nie? Omdat die beheptheid met geld 'n mag kan word wat jou lewe totaal oorheers. Die positiewe opdrag is dat ons tevrede moet wees in wat ons het. Om hierdie uitspraak te ondersteun, haal die skrywer aan uit Deut.31:6 waar hy die derde in die eerste persoon verander: *God self het gesê: Ek sal jou nooit verlaat nie, jou nooit in die steek laat nie*. God self sorg vir ons.

3. Broederliefde vir mekaar as gelowiges word baie sterk in die Nuwe Testament beklemtoon [vgl Rom.12:10; 1Tess.4:9; 1Pet.1:22; 3:8; 2Pet.1:7]. In die Griekse wêreld was die broederliefde beperk tot die lede van jou huisgesin of naby vriende. In die Nuwe Testament word die broederliefde oorgedra op al die lede van God se huisgesin. Die broeder- en susterliefde word die uitkenningsteken van Christene: “As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is” [Joh.13:35].
   Vanuit die broederliefde groei die gasvryheid of die “vreemdelingsliefde” van vers 2 asook die ander liefde.

4. *Die huwelik moet deur almal eerbaar gehou word* [4]. Die Griekse woord vir *eerbaar* dui iets aan wat baie waardevol is. So word in 1 Petrus 1:19 gepraat van die *kosbare* bloed van Christus. Ons moet die huwelik dus as iets baie kosbaars beskou en hanteer. Aan die een kant omdat dit 'n instelling van God is en aan die ander kant aangesien man en vrou kosbare geskenke vir mekaar is uit God se hand.
   In die huwelik moet die getroudes *getrou wees aan mekaar*. In die Grieks staan daar: *Laat die huweliksbed onbesmet wees*. Diegene wat ontrou is in die huwelik moet met God se oordeel rekening hou. Die heiligheid van die huwelik staan bo alles vas.

5. Hier gaan dit om 'n gesonde verhouding met die naaste.

****